SIRKULÊRE VOORSITTER K.O.S.D. (VERTROULIK) NO. 33. 417/3.

Direksie van Demobilisasie,
Edwardstraat,
PRETORIA.

26 OKT. 45.

AAN: DIE VOORSITTERS,
KOMITEES VIR ONTSLANE SOLDATE EN DEMOBILISASIE.

VORMS D.G.D. 32 EN 33: BESKERMDE MEDEDELINGS.

1. Sommige lede van die Ks.O.S.D. is daaroor besorg dat, wanneer hulle op vorms D.G.D. 32 en 33 verslag doen oor die aansoekers om geldelike steun, hulle hul miskien aan strafgedinge of aan burgerlike lasteraksies vir skadevergoeding blootstel.

2. In eerste instansie word daarop gewys dat hierdie stukke vertroulik is en dat slegs die Ks.O.S.D. en die Direksie insae daarin het. In die gewone loop van sake kan dit dus nie voorsien word dat die aansoekers met die inhoud daarvan bekend sal wees nie.

3. Bowendien, as die hoof van 'n staatsdepartement reken dat die openbaarmaking van vertroulike staatstukke wat tussen die Staat en sy amptenare gewissel word, in stryd met die Staat se beleid en nadelig vir die algemene belange sal wees, en die redes daarvoor gee, sal die hof nie geredelik die openbaarmaking daarvan gelas nie. Die organisasie van Ks.O.S.D. is 'n essensiële en integrerende onderdeel van die Regering se demobilisasieskema. Die feit dat die lede soveel vir die algemene welsyn oorhet dat hulle die werk in 'n erehoedanigheid doen, plaas hulle, vir sover dit betref beskerming teen geregtelike stappe wat gegrond is op of onstaan uit werk wat hulle te goeder trou doen, nie in 'n minder gunstige posisie as dié van besoldigde regeringsamptenare nie.

4. Een van die verweerpunte in lasteraksies is dat dit beskermde mededelings was. Beskermde mededelings is omskryf as „mededelings wat te goeder trou gedoen word in uitvoering van staats- of amtelike werk, of van sosiale of godsdienstige pligte wat iemand opgelê word in verband met 'n saak waarin hy belangstel of na aanleiding waarvan hy 'n plig het teenoor iemand wat 'n ooreenstemmende belang of plig het".

5. Uit die bostaande sal dus begryp word dat die lede van die Ks.O.S.D. nie bang hoef te wees om hul menings en aanbevelings vry-uit te gee nie, mits hulle te goeder trou handel.

6. Die voorgaande geld ook alle ander verslae of aanbevelings wat 'n komiteelid in verband met 'n demobilisasie-aangeleentheid in uitvoering van diens aan die Direksie doen.

7. As dit sou gebeur, wat onwaarskynlik is, dat 'n siviele of kriminele aksie wat gegrond is op 'n verslag of aanbeveling wat hy in sy hoedanigheid van lid van 'n K.O.S.D. doen, teen 'n lid van 'n K.O.S.D. ingestel word of dat hy daarmee bedreig word, moet die Direksie onverwyld van die omstandighede en die aard van die aanklag of die voorgenome aanklag in kennis gestel word. Die Direksie sal dan die regeringsprokureur versoek om die lid op staatskoste te verdedig.